

Tema 6: Vyf brode & twee vissies (Johannes 6)

GESELS SAAM

1. Hoe gaan dit met jou wiskunde by die skool?
2. Is jy iemand wat maklik jou goed deel?
3. Kry jy tyd om te bid?

LEES SAAM

Johannes 6 is 'n baie ryk teksgedeelte, Die vermeerdering van die vissies & brode, Jesus loop op die water en Jesus verduidelik dat Hy die lewende brood is. Ons fokus vandag op die eerste gedeelte; Jesus wat vir die mense kos gee.

- Lees Johannes 6:1-15

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeelte het vir jou uitgestaan?
2. Verse 6 sê dat Jesus vir Andreas “op die proef stel”, dit beteken dat Jesus hom toets. Dink jy Jesus toets vandag nog mense?

God het ons elkeen met 'n spesifieke persoonlikheid en brein gemaak. Sommige mense is meer kreatief en ander meer logies.

3. Hoe werk jou kop? Wat sou jou eerste reaksie gewees het as jy Andreas was? Hoe sou jy die probleem probeer oplos?
4. Jesus “dank God” vir die brood, hoekom dink jy is dankbaarheid so belangrik in ons lewens vandag?
5. As Jesus vandag vir jou sou vra: “Ek wil jou gebruik.” Wat sou jy hom aanbied? Wat is twee vissies & vyf brode.

Die wonder van hierdie verhaal is dat Jesus baie min van die mens af kry, maar in oorfloed voorsien. God “scan” die aarde vir mense wat net 'n klein bietjie geloof het sodat hy deur hulle Sy groot werk kan doen.

Probeer om Matteus 17:20 te memoriseer hierdie week.

“CHALLENGE” VIR DIE WEEK

Gee hierdie week vir een van jou vriende iets wat jy self gemaak/geskryf/geneem het; 'n Skets, 'n gedig, 'n foto, 'n hout-kruisie... Wees kreatief.

Tema 7: Nie vir My eer nie (Johannes 7)

GESELS SAAM

1. Wat is sover die hoogtepunt van jou hele lewe?
2. Hoe voel jy vandag? Is jy moeg, opgewonde, hartseer, gelukkig...?
3. Kan julle die tien gebooi opnoem, sonder om dit in die Bybel op te soek?

LEES SAAM

Johannes 7 begin met Jesus se broers wat nie in hom glo nie, dit klink dalk nou vreemd, maar verbeel jouself jou boetie/sussie sê vir jou hulle is God? Sou jy hulle glo? Jesus gaan dan na 'n Joodse fees toe en leer dan die mense nuwe dinge.

- Lees Johannes 7:10-24

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeelte het vir jou uitgestaan?
2. Mense "skinder" in vers 12 oor Hom, is jy geneig om stories aan te dra oor ander mense? Het mense al agter jou rug stories oor jou versprei? Hoekom, dink julle maak dit so seer?

Vers 18 *"Wie uit sy eie praat, soek sy eie eer..."*

3. Het jy al met mense gepraat wat "vis vir komplimente"? Hulle sinne is so dat jy na die sin eintlik moet sê "Wow, jy's amazing." Is sulke gesprekke vir jou lekker?
4. Reëls is goed, maar dit kan ook soms te vêr gevat word. Dink jy mens mag reëls breek? Wanneer is dit vir jou aanvaarbaar om reëls te breek?

Ons kry die kern van Jesus se boodskap in vers 18 se tweede deel: "...maar Hy wat die eer soek van die Een wat Hom gestuur het, is geloofwaardig." Baie van ons het 'n begeerte om "famous" te wees, ons wil hê mense moet weet wie ons is, maar Jesus wil God "famous" maak nie homself.

5. Dink jy mense wat regtig "famous" is kan dit hanteer? Mense word in 'n sekere sin aanbid, is dit gesond?

Probeer om vers 18 te memoriseer hierdie week.

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

"Skinder" hierdie week net positief van ander mense.

Tema 8: Soos jy vergewe (Johannes 8)

GESELS SAAM

1. Het daar iets interessant met jou gebeur hierdie week?
2. As jy enige troeteldier kon ry, wat sou jy kies?
3. Noem een ding wat jy graag wil doen voor jy doodgaan?

LEES SAAM

Ons kry 'n baie bekende Bybel gedeelte in Johannes 8. Die verhaal van Jesus en die vrou wat op owerspel betrap is. Dit gaan oor sonde, straf, vergifnis en 'n opdrag.

- Lees Johannes 8:1-11

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeelte het vir jou uitgestaan?

Jesus skryf in verse 6 & 8 met sy vinger op die grond. Dit wat Jesus geskryf het, het die skrifgeleerdes laat loop. Daar is nêrens in die Bybel enige teken van wat Jesus in die grond geskryf het nie.

2. Wat dink jy het Jesus op die grond geskryf.

Hierdie vrou het iets gedoen waarvoor sy die doodstraf moes kry.

3. Het jy al ooit iets gedoen wat so erg was dat jy gedink het dat jy nooit jousef sal vergewe nie? Hoe het jy die situasie hanteer?
4. Is dit vir jou makliker om jousef te vergewe as ander mense?

Jesus stop nie net by vergifnis nie. Hy sê ook in vers 11 "Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie." Lees Jesaja 1:18 & 19

5. Hoe dink jy moet ons gehoorsaamheid en vergifnis balanseer? Kan ons net aanhou sonde doen en weet ons gaan vergewe word? Of moet ons anders daaraan dink?

Probeer om Jesaja 1:18 te memoriseer hierdie week.

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

Probeer om hierdie week Johannes 1 – 7 deur te lees. Merk jou gunsteling verse en gedeeltes in jou Bybel.

Tema 9: Laat die wat blind is sien (Johannes 9)

GESELS SAAM

1. Hoe was jou week gewees?
2. Waarna sien jy uit in die week wat kom?
3. Wat is die vreemdste kos wat jy al ooit geëet het?

LEES SAAM

Die negende hoofstuk van Johannes gaan alles oor 'n wonderwerk wat Jesus gedoen het. Jesus genees 'n blinde bedelaar.

- Lees Johannes 9:1-12

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeelte het vir jou uitgestaan?
2. Het jy al ooit in jou lewe van 'n wonderwerk gehoor, of selfs een gesien?

Ons glo en bely dat God almagtig en alwetend is. "Almagtig" beteken dat hy enigiets kan doen, niks is vir Hom onmoontlik nie. "Alwetend" beteken dat Hy alles weet en ook ons beter ken as wat ons, onself ken.

3. Het jy al ooit vir Jesus gevra om iemand wat siek is gesond te maak? Was dit vir jou maklik of moeilik gewees? Is die gebed verhoor?

Mense word siek. Dit is 'n realiteit van die lewe, ons lees ook in vers drie dat dit nie noodwendig as gevolg van sonde nie.

4. Daar is verskillende antwoorde op gebed, wat dink julle is die verskillende maniere wat God gebede antwoord? Verduidelik.

Een van die beste dinge wat jy kan doen is om 'n boekie langs jou bed te sit en al jou spesifieke gebede daarin te skryf. Dit is dan baie waardevol om weke later terug te gaan en te kyk watter gebede beantwoord is.

5. Dink nou aan iemand wat regtig God se hulp nodig het en bid *nou* vir hom.

Lees Johannes 9:24-25 en probeer hierdie week vers 25 te memoriseer.

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

Bid elke dag hierdie week vir die mense rondom jou wat siek is, wat moeg is, wat groot uitdagings het en dié wat moedeloos is.

Tema 10: 'n Lewe in oorvloed (Johannes 10)

GESELS SAAM

1. Hoe dink jy gaan die hemel lyk?
2. Wat is jou gunsteling "milkshake" tipe?
3. Praat jy en jou vriende ooit oor Jesus, of nie regtig nie?

LEES SAAM

Jesus verduidelik sy verhouding met sy kinders volgens 'n beeld van 'n herder en skape. Dit laat ons ook dink aan Psalm 23.

- Lees Johannes 10:1-21

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeelte het vir jou uitgestaan?

Jesus sê in hierdie gedeelte dat die skape ken die stem van hulle herder. Dit beteken dat God met ons praat en dat ons sy stem moet herken.

2. Op watter maniere praat God vandag met ons?

Vers 1 verduidelik dat daar maniere is wat die bose in ons lewens probeer inglip en ons verhouding met ons herder verwoes. In die "Onse Vader" bid ons "laat kom ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bose."

3. Wat is die tipe versoekings wat oor jou en jou vriende se paaië kom en is dit moeilik om nee te sê vir daardie versoekings?
4. Wat dink jy beteken "lewe in oorvloed"?
5. Lees Psalm 23 en kies een van die verse wat vir jou die uitstaan en verduidelik waarom dit vir jou uitstaan.

'n Lewe in oorvloed is 'n lewe wat vry is, waar ons veilig voel, want ons weet dat ons opgepas word deur dié Goeie Herder. Ag jy vandag besef hoe lief Jesus vir jou is.

Probeer om die vers wat jy in vraag 5 gekies het hierdie week te memoriseer.

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

In vraag 2 het ons gesê dat God van nog met ons praat, skryf hierdie week iewers neer wat God, in jou hart, vir jou sê. Reageer daarop!

Tema 11: Lasarus word opgewek (Johannes 11)

GESELS SAAM

1. Wat is die slegste reuk wat jy al ooit geruik het?
2. Wat is jou gunsteling liedjie wat ons in die kerk sing?
3. Wil jy eendag trou en kinders hê?

LEES SAAM

In Johannes 11 lees ons van Jesus wat op pad is na Lasarus toe omdat hy siek is. Jesus was lief vir Lasarus (Joh 11:3) en is op pad om een van die grootste wonderwerke te doen.

- Lees Johannes 11:33-44

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeelte het vir jou uitgestaan?

Daar staan dat Jesus gehuil het (v. 35) en dat die mense dit ook raakgesien het.

2. Het jy geweet dat Jesus gehuil het? Wat sê dit vir jou van Jesus?
3. Wat is die ooreenkomste tussen Lasarus en Jesus se opstanding?
4. Is jy bang vir die dood, of bang om dood te gaan? Wat daarvan maak jou bang?

Hierdie verhaal laat ons so bietjie ook aan die Ou Testament storie van Jona dink. Jona word deur die groot vis ingesluk en is eintlik dood, maar selfs “diep in die doderyk” (Jona 2:2) hoor Die Here hom.

5. Wat beteken die woord “Almagtig” vir jou? Gee voorbeelde.

Geen van die griekse gode (Zeus, Apollo, Poseidon, Hera, Demeter ens.), waarin die Romeine geglo het, het mag in die doderyk gehad nie. Behalwe natuurlik hades, maar hades het weer geen mag buite die doderyk gehad nie. Dit was ‘n totale nuwe idee dat God ORALS mag het.

Probeer om dié week Johannes 11:25 te memoriseer.

“CHALLENGE” VIR DIE WEEK

Lees hierdie week bietjie weer die storie van Jona, dit is net vier hoofstuk, so jy kan een hoofstuk per dag lees, dan is jy Donderdag klaar.